**PASTORALE BERADINGSKURSUS**

***SEWE BEGINSELS WAT `N HUWELIK LAAT WERK***

**DINSDAG 1 SEPTEMBER 2026 - ZOOM AANBIEDING**

**Prof Wentzel Coetzer**

Prof. John Gottman, emeritus-professor in sielkunde aan die Universiteit van Washington, word wêreldwyd as een van die voorste kenners op die gebied van huweliks- en verhoudingswetenskap beskou. Oor meer as 50 jaar het sy navorsing duisende pare bestudeer en baanbrekerswerk gelewer wat die veld radikaal verander het. Sy boek, *The seven principles for making marriage work,* is wêreldwyd ŉ top verkoper, en in hierdie kursus gaan ons veral fokus op die belangrikste perspektiewe wat in hierdie boek aan die orde kom.

Gottman se werk het veral ook bekendheid verwerf na aanleiding van die skepping van ŉ sogenaamde '*Love Lab*' (liefdes-laboratorium) waar pare vir 24 uur saam verkeer en ook oornag. Met behulp van kameras en monitors waarvan sommige ook liggaamlik gekoppel is, word daar dan fyn waarnemings gemaak van ŉ verskeidenheid van sosiale, emosionele en fisiese aspekte gekoppel aan hul interaksie met mekaar. Na jare se waarneming het Gottman en sy span byvoorbeeld die vaardigheid ontwikkel om na 15 minute se waarneming van die interaksie tussen ŉ egpaar, met 91% korrektheid te kan voorspel of die huwelik uiteindelik sal oorleef of nie. Die praktiese riglyne en merkers wat hy vanuit jare se ervaring formuleer vir huwelike om suksesvol te kan wees, is uiters insiggewend en deurslaggewend.

Teen bovermelde agtergrond sal daar in hierdie kursus deurgaans ook gefokus word op ŉ verskeidenheid van pastorale implikasies wat basies geïntegreer kan word met Gottman se benadering.

**Kursus oop vir almal**

**Datum:** Dinsdag 1 September 2026.

**Tyd:** 09.00 – 13.00

**Akkreditering:** 5x VBO, 4x CPSC en 5x AFM PCD punte

**Koste:** R300 pp (R45 ekstra vir inskrywings uit Namibië en die buiteland as gevolg van bykomende bank heffings)

**Handboek te koop (opsioneel):** R390 (R250 plus R140 vir koerier)

**Navrae:** 0836600409 (ook WhatsApp) of e-pos: wentzelc@gmail.com

**Volg die kursus op ’n later datum:**

Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna ’n skakel ontvang om op enige later datum weer die kursus te kan volg.

**Om te bespreek vir die kursus:** Klik op die volgende skakel:

https://forms.gle/55yQwooPPk8kkBvdA